



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

26 MEI 2019

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

## GEMEENTEBULLETIN

### EREDIENSTE

#### OGGENDDIENS

RIP Stellenberg?

Hand. 17:16-34

#### GESINSDIENS

Venster na jou hart

Jakobus 5:12-20

#### JEUGDIENS

Influential  
Spaces

Psalm 72

#### PANNEKOEK- SONDAG

Ondersteun asb.  
die VATVYF-groep  
wat vanoggend na  
die oggenddienste  
pannekoek in die  
kafeteria verkoop.

#### DEUROFFER

Bediening aan die  
Dowes.

#### 26 Mei

09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	1	Ds. Duvenhage	3/4	
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Ackerman	6	Ds. Breytenbach	8/9	
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann		
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Ackerman	-	Jeugpinkster		
19:00	Kapel/Kerk	Aand/Pinkster	Ds. Duvenhage	13	Ds. Potgieter	2	

#### 2 Junie - Nagmaal

### PINKSTERPROGRAM 2 TOT 9 JUNIE

**30 Mei: Hemelvaartdiens om 19:00 in die kerk** Ds. Breytenbach

**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor gesluit is op Hemelvaartdag.**

**2 Junie: Ekumeniese erediens om 09:00 in die kerk** Ds. Duvenhage

**2 tot 6 Junie: Aandpinkster om 19:00** Ds. Potgieter

Tema: Eenvoud is die vreugde van die lewe.

Sop en brood sal saans na die Aandpinkster in die kafeteria bedien word.

**2 tot 6 Junie: Kinderpinkster (kleinsaal) en Kleuterpinkster (grootsaal) om 19:00**

Kinderpinkstertema: Familiepret en K.leuterpinkstertema: Wonderland

**3 tot 7 Junie: Oggendpinkster om 10:00** Mike van Deventer

Tema: Die gees van gebed.

**9 Junie: Gesamentlike Pinsterveesdiens om 09:00 in die kerk**

Daar sal geen gesins- en meditatiewe dienste wees op 9 Junie nie. Alle erediensdienste sluit by die Pinksterfees in die kerk aan.

# [ ON S L U I S T E R N A G O D ]

Bladsy 2

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- JEUGDIENS 18:00: Kwartaaltema: *SPACES – New space, new life.*
- SENIOR KLEINGROEPE: Na die jeugdiens, vanaf 19:00.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondag vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- *MATRIC MOVEMENT*: Alle matrieks word uitgenooi om by die *Matric Movement* Sondagaande om 19:00 in die kafeteria aan te sluit. Bring jou vriende. Dis slegs vir matrieks.
- UITREIKE 2019: Inskrywingsvorme is op [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za) beskikbaar. Laai dit af en voltooi asb.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek “Stellenberg”. Laai die toepassing op jou foon af.
- OPNEEMVAN KOLLEKTE: Graad 9's is verantwoordelik.

## KERKRAAD BEROEPINGSVERGADERING

Die vergadering is op 29 Mei. Tydens 'n vergadering op 6 Maart is die voorneme uitgespreek om **prop. Philipp Dietmann** as tentmaker-predikant na die gemeente te beroep. Philipp is al 'n aantal jare aan die gemeente verbonde, aanvanklik as proponent by Kruisgenerasie (bediening aan jong werkendes) en toe as prediker by die aanddiens en die afgelope twee jaar is hy verantwoordelik vir die meditatiewe diens. Die diensverhouding-bediening het opdrag gekry om die beroeping, volgens kerkordelike riglyne, in gereedheid te bring. As tentmaker sal Philipp geen addisionele koste vir die gemeente meebring nie. Indien u meer vrae het oor die agtergrond en motivering van die kerksraadsbesluit, kontak gerus een van die predikante, of vir Dirk Brand, leierouderling.

## KATEGESE KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal  
Graad 2 en 3: Grootaal  
Graad 4: Bover trek  
Graad 5 en 6: Kerk  
Graad 7: Jeuglokaal  
Graad 8: Kerk  
Graad 9: Bover trek  
Graad 10: Grootaal  
Graad 11: Kleinsaal

## EDELWEISS BAK PANNEKOEK 31 MEI

Plaas asb. jou bestelling vir pannekoek @ R5 elk voor 29 Mei by Berna 021 976 1150.

**BELLVILLE SENIOR SENTRUM BIED AAN:**  
Plaaswerffunksie  
31 Mei 16:00 tot 18:00  
Jessiestraat, Chrismar Villas

Heerlike maaltye soos potkos, sop en brood word te koop aangebied.

## **SOP VIR PINKSTER**

Dit is tradisie in Stellenberg dat ons ná Pinksterdienste saamkuier en 'n lekker koppie warm sop geniet. Sal jy asb. oorweeg om vyf liter sop vir die komende Pinkster te skenk? Enige soort sop is welkom. Jy kan die pot warm sop saam met jou kerk toe bring en voor die Pinksterdiens in die grootsaal se kombuis laat. Na die sopbediening kan jy weer jou pot saam met jou huis toe neem.

Teken asseblief vanoggend na die erediens jou naam by Christine Morsbach aan. Sy sal op die grasperk by die inligtingstafel beskikbaar wees, of kontak haar per sms of Whatsapp by 082 353 917 indien jy bereid is om te help.

## **KOLLEKTES TYDENS PINKSTER**

Kollektes word aangewend vir getuienisprojekte soos die uitreikbediening, bakkeryprojek in Vosburg, kinderprojek in Prins Albert, tuinbouprojek in Mavusa en ons eie gemeente se kosprojek.

## **BREIGROEP**

Ons ontmoet op Maandag 3 Junie om 08:30 (voor die Pinksteroggenddiens) in die markplein. Lede moet asseblief alle klaar gebreide items vir die uitreike, soos serpe en musse, saambring.

## **STELLENBERG EN FÜRSTENFELDBRUCK**

Na 'n suksesvolle besoek van 'n groep jongmense van Stellenberg aan München, Duitsland in Maart wil ons graag in gesprek tree met die gemeente oor die verdere ontwikkeling van hierdie vennootskap. Die tema van die besoek was onderwys en armoede, maar as Christene kan ons bymekaar leer en saamwerk om 'n verskil in die wêreld te maak. Kom gesels saam op Woensdagaand 12 Junie 19:00 in die Markplein oor die opwindende moontlikhede vir 2020.

## **VROUE-WEGBREEK**

Teken die datum vir ons vroue-wegbreek vanaf 9 tot 11 Augustus by !Khoa Ttu, naby Yzerfontein, in jou dagboek aan. Koste: R550 per persoon. Besprekings en betalings by die kerkkantoor, karin@stellenberg.co.za. Volledige inligting sal volg.

## **EDELWEISS**

### **BYBELSTUDIE**

Donderdag 30 Mei om  
15:00 en 15:45 uit  
1 Petrus 1:22 – 2:10 'n  
Lewendige geestelike huis!

### **HUISBYEENKOMS**

Sondag 26 Mei om 18:00  
Hand 16:6–15  
God werk . . . met toe  
deure en oop deure!

### **PREKE OP DIE WEB**

Jy kan nou preke van die  
web aflaai (download) en  
hoef nie meer aanlyn daar-  
na te luister nie.  
Besoek gerus  
[www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za) en  
gaan na: luister na preke.

### **COMRADES-EREDIENS**

### **NGK PAROWALLEI-OOS**

Die gemeente bied op 2  
Junie om 09:30 vir die  
negende keer 'n spesiale  
tweetalige erediens vir alle  
Comrades-atlete en hulle  
gesinne. Atlete moet som-  
mer hulle hardloopklere  
na die erediens dra.

Prediker: Ds. Theo Swart

Navrae:

[ngpvoos@telkomsa.net](mailto:ngpvoos@telkomsa.net)  
of 021 931 6410

## FINANSIËLE BYDRAES

Die gemeente se werksaamhede is afhanlik van finansiële bydraes deur lidmate en ons vertrou dat alle lidmate bereid is om ook op 'n finansiële wyse by te dra tot Stellenberg-gemeente se visie en bedienings.

Jy kan jou bydrae maandeliks op die volgende wyse gee:

- **Debietorder:** Vra die vorm by die kerkkantoor aan, of stuur 'n e-pos aan [navrae@stellenberg.co.za](mailto:navrae@stellenberg.co.za), of laai dit van [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za) af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderingskode om die betaling te maak.
- **Bankkollekte:** Gee jou bydrae tydens eredienste met die opneem van kollekte.



## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Indien jy die Gemeentebulletin (weekliks) en die Samaritaan en Stellenberger (maandeliks) wil ontvang, stuur asb. 'n e-pos na [sanel@stellenberg.co.za](mailto:sanel@stellenberg.co.za) sodat jou e-posadres op die verspreidingslys geplaas kan word.

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanel by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/gemorspos word gestuur nie.

## STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

## GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep  
Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep  
Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep  
Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.